# KOMMUNIKAMMA 3 DESEMBER 2023

**Kontakpersone, indien jy meer inligting nodig het oor een van die sake wat hier verskyn:**
Jou blokouderling of -diaken
Niekie Oosthuizen: 082 561 8747; 041 360 1484; kerkkantoor@ngkraggakamma.co.za
Ds MG van Rooyen: 083 413 7100; mg@ngkraggakamma.co.za
Ds Toit Wessels: 084 240 2916; toit@ngkraggakamma.co.za
Die leraars besoek jou graag op versoek. Neem asb vrymoedigheid om met ons te skakel.

**<u>WHATSAPP GEMEENTE KOMMUNIKASIE</u>**
Indien jy die gemeente kommunikasie via Whatsapp wil ontvang moet jy die volgende stappe volg:
Stoor die gemeente selfoon nommer (071 493 5998) as 'n kontak op jou foon.
Stuur 'n whatsapp boodskap met jou naam en van na hierdie nommer.
Jy word op 'n "Broadcast" lys geplaas en is nie deel van 'n whatsapp groep, waarop almal kommentaar lewer, nie.

**<u>PROGRAM VIR DIE WEEK:</u>**
**<u>Sondag 3 Desember</u>**
**09:00 GESAMENTLIKE EREDIENS**

**Tema: Moeg gewag**
**Teks: Matteus 25:1-13**

Ons wens vir Angelique en Juan-Pierre Janse van Rensburg geluk met die doop van Eben.

Skakel gerus om 09:00 op ons Youtube kanaal in as jy die regstreekse uitsendings wil volg. Die video sal gestoor word op Youtube, sodat jy ook op jou eie tyd daarna kan gaan kyk. Neem asb. kennis dat die video nie direk na die erediens beskikbaar sal wees nie.

**Die dankoffer in die houtkassies gaan vandag vir Kleinskool Inisiatief**

**<u>Maandag 4 Desember</u>**
**KERKKANTOOR**
Die kerkkantoor is elke Maandag en Woensdag van 08:00 tot 12:00 oop. **Neem asb. kennis dat die kerkkantoor weeksdae van 08:00-13:00 via die kerkkantoor telefoonnommer (041-360 1484) beskikbaar is.**

**09:30 KERSSANGDIENS BY KKU**

**12:45 GEBEDSKILD**
Gemeente gebedsgeleentheid in gebedslokaal. Almal is welkom.

**<u>Dinsdag 5 Desember</u>**
**10:00 KERSSANGDIENS BY STELLA LONDT**

**<u>Woensdag 6 Desember</u>**
**10:00 Diens CP Bradfield**

**PE NOORD EN ALGOA GEMEENSKAPSKERK – VOEDSELHULP-PROJEK**
Die nood by en behoefte aan kospakkies by die PE Noord gemeenskap bly baie hoog. Dankie vir elke bydrae.

**Vrydag 8 Desember**
**05:00 MANNEGROEP by Carnationlaan 15.**
Die mannegroep het afgesluit vir die jaar.

**Vrydag 8 Desember**
**KLEINSKOOL**
Ons beplan 'n Kerspartytjie vir sowat 80 kinders by Kleinskool op Vrydag 8 Desember . Ons vra asb. die volgende skenkings:
Cupcakes of opgesnyde plaatkoek, pakkies chips, lekkergoed, sappies en 'n klein geskenkie soos 'n bal, 'n bottel borrels of enigiets klein wat vir 'n seun of meisie kan wees. Een van die tiener seuns soek ook 'n sokkerbal sodat hulle daarmee in die straat kan speel. Kontak vir Margita (082 337 4336) of Johan Harmse (082 558 8107) as jy hiermee kan help.

**EREDIENSTYE IN DIE VAKANSIE**
**Sondag 10 Desember – Erediens om 9:00**
**Vrydag 16 Desember – Versoeningsdag-diens om 9:00 by Lorraine Gemeente**
**Sondag 17 Desember – Erediens om 9:00**
**Sondag 24 Desember – Erediens om 9:00**
**Maandag 25 Desember – Kersdiens om 9:00**
**Sondag 31 Desember – Erediens om 9:00**
**Sondag 7 Januarie – Erediens om 9:00**
**Sondag 14 Januarie – Erediens om 9:00**

**GEBEDSAKE:**
- Matrieks en almal wat klaarmaak met eksamen. Bid ook vir almal wat antwoordstelle merk.
- 27 van ons Gemeente se tieners stap by Eersterivier van Dinsdag tot Donderdag.
- Geliefdes wat gesondheidsuitdagings beleef:
  Johan Louw is ernstig siek in die hospitaal.
  Bid vir Elaine Greyling se seun, Ernst wat behandeling kry.
  Elaine sukkel self ook met haar gesondheid.
  Bid vir Joan Crous wat ook met haar gesondheid sukkel.
  Heila van der Merwe wat herstel na 'n operasie.
  Kowie Otto sterk tans tuis aan, bid vir haar behandeling.
  Janine Coetzee se ouers wat uitdagings rondom hulle gesondheid beleef.
- 'n Einde aan die oorloë in Oekraïene en Midde-Ooste, asook vir die gelowige broers en susters in daardie lande. Almal wat ondersteuning bied aan vlugtelinge uit die lande.
- Proponent Anton Jacobs is beroep na Algoa/Sydenham gemeentes en proponent Melissa Jacobs na Grasvoëlkop Gemeente.
- Dat ons fokus hierdie jaar op 'n ware Christusfees sal wees en dat ons Immanuel, God is met ons, sal beleef en uitleef.
- 'n Kerspartytjie word gehou vir Kleinskool kinders op 8 Desember.

**THERE4-BEDIENINGE GEBEDSVERSOEK**
Ons bid saam dat elke vervolgde gelowige, Immanuel, God met ons, sal ervaar in die Christus-feestyd.
Jesaja 9:5 (1983-Vertaling) "Vir ons is 'n Seun gebore, aan ons is 'n Seun gegee; Hy sal heers, en Hy sal genoem word: Wonderbare Raadsman, Magtige God, Ewige Vader, Vredevors."

**RAAK BETROKKE IN 2024**
Ons nooi jou uit om betrokke te raak by die gemeente. Sien die lysie hieronder van behoeftes en kontak die kerkkantoor indien jy wil betrokke raak of meer inligting wil kry:
- Dien op die kerkraad
- Gasvryheidsbediening - groet mense voor die eredienste in die voorportaal. Verwelkom nuwe intrekkers
- Betrokke raak by 'n selgroep
- Dien op tuinboukommissie wat sorg vir tuine rondom kerkkompleks
- Musiekgroep by die Eietydse diens of samesang by die Klassieke diens
- Die hantering van klank en data by albei eredienste

- Die stroom van die eerste diens
- Die hantering van die Mediakas

**NUWE LIDMATE**

Ons wil graag ons nuwe lidmate ontmoet. Daar is in die voorportaal 'n groen kontakkaart wat julle kan voltooi, waarna ons met julle in verbinding sal tree. Jul kan ook na ons webblad, www.ngkraggakamma.co.za gaan. Druk op "Kontak ons" reg onder die gemeente logo. Vul die "Nuwe intrekkers" vorm in en e-pos dit na die kerkkantoor.

**JEUGMENTORS 2024**

Ons probeer jaarliks ons groep van Jeugmentors vergroot. Om 'n stewige geestelike fondasie vir ons jeug te verseker het ons almal se hulp nodig. Gesels met die Here of hy jou wil gebruik om in 2024 deel te word van ons Jeugmentors span. Maak gerus kontak met Ds Toit indien jy meer inligting benodig.

**VERJAARSDAE VIR DIE WEEK**

Ons wens die volgende lidmate geluk met hulle verjaarsdae:

| | |
|---|---|
| 3 Desember | Tina Keyser en Jani van Heerden |
| 4 Desember | Sam Herman, Heleen Lombard, Christo Nortjé, Linke Reed en Anneli van Heerden |
| 5 Desember | Bianca Burger, Malan Smith en Jaco Steyn |
| 6 Desember | Nico de Klerk, Pieter de Wit, Marie Meyer, Ben Nothnagel en Leandri van Ryneveld |
| 7 Desember | Christian Snyman |
| 8 Desember | Annelise de Vin, Wiaan Hanekom, Doney Laminie, Johanna Olivier, Annalize Strydom en Jannie Wepener |
| 9 Desember | Kirsten du Plessis, Dawie Hamilton, Kiana Ludwig en Arno van Wyk |

**Ons wens die tannie Bettie Rautenbach geluk wat op 13 Desember 93 jaar oud word.**

**VERSOENINGSDAG 2023**

09:00 Gesamentlike erediens by Lorriane gemeente

**Versoeningsdag langtafel: Breek Pizza met 'n vriend van 'n ander kultuur**

Dit is #TydVirTafels. Kom ons vier ons eenheid as medeburgers van ons geliefde land. 'n Tafel skep 'n wonderlike geleentheid en ruimte om tyd saam te spandeer, ons stories te vertel en die lewe te deel. Ons vergader op Versoeningsdag, 'n dag om ons eenheid te konsolideer, wedersydse verhoudings te bou en 'n pragtige toekoms vir ons nasie te kweek. 'n Gepaste dag vir 'n langtafel! 16 Desember 2023 om 11:30, Baywest Mall Foodcourt. Vir meer inligting, kontak Robert-John 082 297 8120, Marvin 082 772 5578, Willem 071866 0771.

**HERDELIKE BRIEF VAN DIE ALGEMENE SINODE 2023**

'n Herderlike brief na afloop van die onlangse Algemene Sinode is op ons gemeente se webblad beskikbaar. Daar is ook 'n paar eksemplare in die voorportaal. Kontak met Niekie indien jy nie die brief in die hande kry nie.

**REËLINGS GEDURENDE DESEMBER**

Neem asb kennis dat die kerkkantoor vanaf 18 Desember tot 7 Januarie gesluit is. In geval van nood kan die predikant aan diens gekontak word.

Ds Toit Wessels is met verlof van 13 tot 27 Desember

Ds MG van Rooyen is met verlof van 28 Desember tot 14 Januarie

Niekie Oosthuizen is met verlof van 18 Desember tot 5 Januarie

Ryno Muller is met verlof van 27 – 29 Desember en 8 Januarie tot 4 Februarie

**DANKOFFER**

Baie dankie vir elkeen se dankbaarheidsbydrae wat ons maandeliks ontvang. Dankoffers kan direk in die kerk se bankrekening of deur middel van Snapscan betaal word.
Die kerk se bankbesonderhede is:
NG Kraggakamma
Absa Tjekrek 1400590091
Takkode 632005